# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 11 September 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Ons gee graag vanmore vir twee volwasse jongmanne, Brandon Krause en Stewart Fourie, geleentheid om belydenis van hulle geloof te doen. Brandon ontvang ook die Sakrament van die Doop. Baie welkom by die Oosdoppers en mag hierdie gemeente vir julle ‘n ware geestelike tuiste wees waar julle die Here saam met ons kan dien

Ons is saam met hulle en hulle families dankbaar vir hierdie wonderlike geleentheid om hulle geloof voor mense te bely en so deel te word van die kerk van die Here.

**FOKUSTYD - week 3: Volg Christus oor grense heen na verlore mense.**

Verlede Sondagoggend het die Here Jesus ons diep in die oë kom kyk en ons hart ontbloot met Sy woorde: “As iemand agter my wil kom….”. Hy het ons gehelp om die eerste grens in ons eie hart raak te sien en dit oor te steek.

Die afgelope week het ons met die dagstukkies gekyk na verskillende grense wat ons verhinder om met ander oor Jesus te praat en die Here het ons met sy Woord gehelp om oor die grense te kom. Ons gaan in die komende week verder kyk hoe ons nog ‘n paar van hierdie grense kan oorsteek.

**Vanmore fokus ons op die ongelooflike genade wat God die Heilige Gees aan ons gegee het. Dat God die Heilige Gees ‘n geweldige grens oorgesteek het om in sondaarmense te kom woon en ons te help om oor grense heen te stap!** Hy gee die pas aan en ons moet in pas met Hom oor grense heen stap.

**Tema: Stap in pas met die Heilige Gees oor grense heen.**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Ps 107-1: 1, 3; Ps 111-2 : 1, 2, 3, 4;

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Lied 169: 1, 2, 3; Votum; Groetseën; Loflied Sb 1–1: 1, 2, 7 (Mel Ps 118); Formulier vir Belydenis van Geloof en volwasse Doop; Sing: Ps 20–1: 2, 4, 5; (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woorde van dank en voorbidding deur oudl Huib van Hamburg;
Gemeente se geloofsbelydenis: Sing Sb 12-3: 1, 2 (NGB Art 1)

**Verootmoedigingsdiens**
Wet uit Eksodus 20; Sing Ps 51-2: 1, 2; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Galasiërs 5: 13 - 26;
Teks: Galasiërs 5: 25; Woordverkondiging;

**Antwoorddiens**
Gebed; Sing Sb 8-3: 1; Wegstuurseën; Amen Sb 13-2.

**AANDDIENS:** Ds. Pieter van der Walt

**Tema: Hoe groot is God se genade?**

In die loop van die preek val die klem op die volgende:
Hoe is jy, sondaarmens, herstel voor God?
Hoe het dit gebeur dat jou sonde vergewe is?
Hoe is jy vrygespreek?

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Sb 2-4:1, 3

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 138-1:1; Votum; Seën; Loflied: Lied 199:1, 2, 3; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Sing as inleiding tot die Woorddiens: Ps 89-1:6;
Skriflesing: Efesiërs 2:1-10;
Teksverse: Efesiërs 2:8; Sondag 23 HK; Woordbediening

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawe; Sing Lied 489: 1, 2; Amenlied: Sb 13-2.

Beide Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar en Klein boks).

## September 2022

**- Ons gemeente bid saam -**

Rom. 8:26-27 “Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.

Dankie Hemelse Vader vir U gemeente en dat ek as gelowige deel mag wees van hierdie geloofsfamilie! Dankie vir my broers en susters in die geloof!

Dankie Hemelse Vader vir suiwere Woordbediening. Ons as gemeente leer en groei so saam!

Versterk ons geestelike leiers: di. Piet, Pieter en Daan. Mag U Gees hul insig gee om met die gemeente te spreek. Bewaar hul van die aanslae van die bose.

Ons bid vir die ouderlinge, diakens, kleingroepleiers, groepsusters asook ons gemeente se personeel! Dankie vir elkeen wat sy gawes aanwend tot voordeel van die gemeentelede.

Dankie vir ons fokustyd wat ons nou saam op fokus! Dankie dat ons verseker is van U Gees wat in ons woon en help dat ons U sal vertrou vir gesprekke wat U vir ons beplan. Laat ons gehoorsaam wees!

Dankie vir ons kinders! Dankie vir die huisgeloof wat aangebied is en mag dit vrug dra in ons kinders en families se lewens! Ons bid vir elke ouer wat hul kinders verder sal leer en ook ‘n voorbeeld sal stel.

Dankie vir die kinderfees wat mag plaasvind! Ons, as gemeente, wil U loof en dank vir mense en middele sodat die kinderfees kan plaasvind.

Ons bid vir die uitvoering van die kinderfees, mag elkeen betrokke geestelik groei en stuur die kinders wat U wil hê teenwoordig moet wees!

Ons bid alles volgens U wil en in die Naam van Jesus Christus, ons Here!

## MEELEWING

- Elsa Coetzee ervaar komplikasies na haar rugoperasie en het Donderdag 'n inwendige kamera-ondersoek ondergaan om die oorsprong van haar voortdurende naarheid te probeer vasstel.
- Jaco van Rooyen moes ook Donderdag weer terug dokter toe na sy rugoperasie weens voortdurende spierspasmas en pyn.
- Andries du Plessis moes weer 'n skoueroperasie aan dieselfde skouer as vroeër ondergaan om spiere te heg.
- Riekie Schutte sukkel met swak gesondheid en liggaamskragte. Sy moes die afgelope week verskeie toetste en behandeling ondergaan.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis en Annetjie Vermeulen.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en kuier
Kleuterbediening
Katkisasie Les18
18:00 Aanddiens
19:00 Ouderlinge vergadering

**Maandag**
Geen Bestuursdiensgroep vergadering nie

**Dinsdag**
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
09:30 "Griefshare" ds Piet
17:15 Katkisasie gr 8
18:00 Katkisasie gr 11 - Kinderfeesopleiding

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
17:15 Katkisasie Gr 9
18:00 Katkisasie Gr 10

**Donderdag**
17:15 "Griefshare"- Carina

**Volgende Sondag**
Nagmaal - Nagmaal sal volgende Sondag weer op die gewone wyse aan tafel en in die banke bedien word.
Nagmaalete - bespreek betyds julle saameet en kuier met Nagmaalete

## AFKONDIGINGS

- Beide Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Teol skool: Publikasies.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 22 en 23.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 11 September**
Sr Anja Buijs

**Maandag, 12 September**
Jsr Juannè Victor
Sr Theonet Viljoen

**Dinsdag, 13 September**
Sr Annette Coetsee *****
Sr Josephine de Lange *****
Sr Alta v Zyl

**Woensdag, 14 September**
Jbr Frans du Plessis
Sr Christa vd Walt

**Donderdag, 15 September**
Br Simon du Plooy (van Myra)
Jsr Jade Prinsloo

**Vrydag, 16 September**
Sr Ria Robberts

**Saterdag, 17 September**
Sr Lorette Bester
Br Koos de Klerk
Sr Esmari Rood
Jbr Henlu v As

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae –
75 jaar en ouer

### KERSSANGDIENS 2022 - Gemeentekoor! Uitnodiging

AANDAG: Alle sangers!

As jy nog altyd deel wou wees van 'n koor, is dit nou jou kans. Ons hoor graag wie sou belangstel om deel te wees van 'n sanggroep wat tydens die Kerssangdiens op 20 November 'n paar liedere gaan sing. Laat weet gerus vir Kobus Venter by 072 375 0052.

### HULP MET DIE HANTERING VAN ROUPROSES ("GRIEFSHARE")

Ons het reeds met groot dankbaarheid teenoor die Here drie siklusse van die "Griefshare"-program aangebied. Baie deelnemers getuig dat hierdie Bybelgefundeerde program hulle baie help met die rouproses. Elkeen se rouproses is uniek en die program spreek 'n wye verskeidenheid geestelike, emosionele en praktiese probleme aan.

Die vrywillige, onderlinge deel van deelnemers se verskillende ervarings bied 'n beskermde omgewing waar mens oor jou seer kan praat en hierdie gesprekke dra baie by tot 'n gesonde deurwerk van jou rouproses.

Ons beplan om vanaf **Donderdag, 13 Oktober,** die volgende siklus van 13 weke te begin. Enige iemand (binne of buite) die gemeente wat hierby kan baat vind, kan met ds Piet of Carina Coetzee skakel.

### HULP AAN LIDMATE IN AMELIA NASORGSENTRUM

Die Diakonie Dagbestuur het gehoor van hierdie besondere behoefte van 'n paar van ons lidmate in Amelia en hou dit aan die gemeentge voor:
Agt van Amelia Nasorgsentrum se atlete is gekies om provinsiaal te gaan deelneem in hul verskeie items. Die byeenkoms vind in Witrivier plaas. Die vervoer vat hulle net tot daar en dan moet hulle terug Potchefstroom toe waarvoor hulle self moet betaal.
Donasies word gevra wat sal bydra tot die huur van 'n bussie om hulle weer veilig terug te bring.
Bankbesonderhede:
Bank: ABSA; Tjekrekening nr: 680 960 283; Takkode: 632005; Verwysing: Sport

By voorbaat dankie!

### HUIS HEBRON: SKENKINGS

Inwoners van Huis Hebron het 'n behoefte aan toiletware vir dames. Groep 30 is besig om vir hulle 'n insameling te hou. Ons moedig lidmate aan om toiletware hiervoor by te dra. Gee gerus jou skenking af by Anna Smith of die kerkkantoor.

### GKSA-NUUS

**Begrafnisreëlings: Jacoba van Rooy**
Jacoba se roudiens vind Maandag 12 September 14:30 plaas by die Gereformeerde Kerk Wierdapark, Willem Botha Rylaan 249. 'n Aanlynskakel sal later beskikbaar gestel word. Verversings sal na die diens bedien word.
Herrie, kinders en kleinkinders

**Ontbinding – GK Potgietersrus-Wes**
Op die kerkraadsvergadering van 25 Mei 2022 is besluit dat die gemeente as gevolg van verskeie redes nie meer voort kan bestaan nie. Die Klassis Contracta (bestaande uit GK Potgietersrus-Wes, Pietersburg, Laeveld asook Pietersburg-Noord) het op 16 Augustus 2022 vergader en na 'n deeglike ondersoek na

alle relevante sake, aanbeveel dat daar voortgegaan kan word met ontbinding. Op 28 Augustus 2022 het die konsulent, ds Sarel Venter, met advies van die Klassis Contracta, die ontbinding gefasiliteer deur die laaste nagmaal te bedien, ontslag aan die kerkraadslede toe te staan en al die attestate asook opsê van lidmaatskap te lees.

### KENNISGEWINGBORD

- Huishulp beskikbaar: Ek kan getuig dat sy eerlik is en 'n kind van die Here. Baie hardwerkend en betroubaar. Engela vd Walt (082 556 7806)
- Groenwilgers Aftree-oord: Woonstel te huur - onmiddellik beskikbaar. Skakel Pieter Bredenkamp (082 879 7507).
- Witrand Hospitaal: Oop harte en hande

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

---

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

---

### BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138
Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

---



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID

Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Nicolette Visser en groep 4, Marijke Faught en groep 12, Mari Steyn en groep 21, asook Marie du Plessis en groep 30.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KANSA-PROJEK

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA".

## NAGMAALETE: 18 SEPTEMBER

Liewe Oosdoppers

Die susters van blok C nooi u almal vriendelik uit na die nagmaalete op Sondag 18 September om 12:00. Op die spyskaart is blatjanghoender, Spaanse rys en - maalvleisgereg, groenteskottel, wortelslaai en koue poeding. Die koste beloop R45.00 per persoon. Skryf asseblief u naam op die lys in die voorportaal of laat weet Adéle nie later as Woensdag 14 September of u die ete gaan bywoon.

Kom kuier gesellig saam met medelidmate!

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **Jul-Des** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| **18 Sept** | **Sondag** | **12:00** | **Blok C** | **Nagmaalete** |
| 3-7 Okt | Ma – Vry | 11:00 | Almal | Kinderfees |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!



**Sanet Ras Prokureurs**

**OPSTEL VAN TESTAMENTE.**

**BEREDDERING VAN BOEDELS.**

**ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.**

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom
Tel: (018) 294-8953 k/u



# OOSD☺PPERTJIES

TOETS JOU KENNIS

## Weet jy wie ek is?

Toets jou Bybelkennis met hierdie leidrade. Weet jy wie elkeen van hierdie mense in die Bybel is? Gebruik die wenke om jou te help. Lees eers die antwoorde onder as jy al 10 leidrade klaar gedoen het!

**1. Ek was in 'n leeukuil.**
Wenk: Ons lees dié verhaal in 'n Bybelboek met dieselfde naam. → Ek is ...

**2. Toe ek net agt jaar oud was, het ek 'n koning geword.**
Wenk: Lees 2 Kronieke 34:1. → Ek is ...

**3. Ek het koringare opgetel vir my skoonma, Naomi.**
Wenk: Die boek waarin jy van my lees, het my naam en ek is later met Boas getroud. → Ek is ...

**4. Ek het Israel uit Egipte gelei.**
Wenk: Lees Eksodus 3:10-12. → Ek is ...

**5. Ek het 'n ark gebou omdat die Here my so beveel het.**
Wenk: Lees Genesis 6:13 → Ek is ...

**6. Ek is deur 'n groot vis ingesluk.**
Wenk: Die Here het my na Nineve toe gestuur, én daar is ook 'n boek met my naam. → Ek is ...

**7. Ek was 'n dokter.**
Wenk: Lees Kolossense 4:14. → Ek is ...

**8. Ek het die Here se stem gehoor toe ek nog klein was.**
Wenk: Ek het gedink dit is Eli wat na my roep. Daar is twee Bybelboeke met my naam in! → Ek is ...

**9. Ek het baie reise onderneem om die evangelie te verkondig.**
Wenk: Lees Handelinge 13:13-14. → Ek is ...

**10. Ek het Jesus verraai.**
Wenk: Lees Matteus 26:47-49. → Ek is ...

Antwoorde: 1. Daniël 2. Josia 3. Rut 4. Moses 5. Noag 6. Jona 7. Lukas 8. Samuel (1 Samuel 3) 9. Paulus 10. Judas